

C. 1995

EBENHAESER: NG KERK FAAL JAMMERLIK IN SY TRUSTEESKAPSROL

Sampe Terreblanche

'n Raamwerksooreenkoms om 'n grondeis van R100 miljoen te besleg, is op 21 Maart onderteken deur die grondeisekommissie, die departement van grondsake en die Kleurling-gemeenskap van Ebenhaeser. Die gemeenskap van Ebenhaeser maak aanspraak op sowat 3485ha besproeiingsgrond langs die Olifantsrivier naby Lutzville wat in 1925 deur 'n wet van die Unie-parlement van hulle ontnem is.

Die eis word ondersteun deur 'n goedgegedokumenteerde voorlegging wat deur mnr Kobus Pienaar van die Regshulpbronsentrum opgestel is. Die voorlegging beskryf in groot detail die 200 jaar lange geskiedenis van die nedersetting.

In die voorlegging word veral gekonsentreer op die hoogs omstrede rol wat die NG Moederkerk gespeel het in die onteiening van die besproeiingsgrond van Ebenhaeser se Kleurling-inwoners – oor wie die NG Kerk trusteeskap gehad het – ter wille van die konsolidasie van Ebenhaeser, in kerkbeheerde armblanke nedersetting.

Die geval Ebenhaeser is uit 'n historiese oogpunt besonder interessant omdat besitreg (en later eiendomsreg) deur nie minder nie as vier Kaapse goewerneurs aan die betrokke Khoikhoi stam toegeken is. Goewerneur Jansens het in 1803 besitreg aan die Khoikhoi hoofman, Andries Lowies toegeken. Die graaf van Caledon het hierdie reg in 1810 bevestig en goewerneur Cradock het dit in 1813 tot ewigdurende erfpag verander. In 1837 het Sir Benjamin D'Urban 'n grondbrief aan die Khoikhoi gemeenskap van Ebenhaeser uitgereik en die Rynse Sendinggemeenskap as trustee van die "Hottentot Reservaat" aangestel met die bepaling dat die Rynse gemeenskap eiendomsreg net aan die Khoikhoi kan oordra.

Die NG Kerk het – in stryd met die bepalings van die grondbrief van 1837 – in 1890 trusteeskap van die nedersetting van die Rynse Sendinggemeenskap oorgeneem. Terwyl die trusteeskap wat die NG Kerk in 1890 oorgeneem het, beskou kan word as 'n vorm van christelike voogdyskap oor mense wat nog in 'n onvolwasse afhanklikheid geleef het, het die NG Kerk hom in die daaropvolgende 35 jaar allermens soos 'n vaderlike voog gedra. Intendeel.

In 1912 het die regering begin om 'n besproeiingskema uit die Olifantsrivier te ontwikkel wat oor 42 myl sou strek en ook water aan gedeeltes van Ebenhaeser sou verskaf. Argiefdokumente dui daarop dat die staat en die NG Kerk reeds vanaf 1909 planne beraam het om die Kleurling bewoners van Ebenhaeser van hulle besproeiingsgrond te onteien. In hierdie pogings het Ds William Murray, die voorsitter van die "Binnelandse Zendings Kommissie" 'n leidinggewende rol gespeel. In 1915 is Ds Smit as sendeling van Ebenhaeser aangestel. Hy het in 1915 'n brief aan sy kerkowerheid geskryf waarin hy beken het, "ik moet my na 200 voorsigtig as een slang gedragen" sodat die inwoners van Ebenhaeser nie sal agterkom van die NG kerk se voorneme om Ebenhaeser as deel van 'n armblanke besproeiings-skema te ontwikkel nie.

Die NG Kerk het in 1916 'n Armblanke Konferensie in Cradock gehou waar Kolonel Deneys Reitz (later minister van Lande) gesê het dat ter wille van die opheffing van die armblankes "ons wagwoorde [moet] wees: Afskeiding, apart hou, sort bij sort. Hou hulle [die armblankes] weg van die Kleurlinge".

Ná uitgerekte onderhandelinge – waarin Ds L.A.R. du Plessis namens die NG Kerk 'n sleutelrol gespeel het – is die inwoners van Ebenhaeser in 1920 ooreed om in ruil vir hulle 3485 hektaar besproeiingsgrond 'n stuk grond van 11045 hektare – maar van baie swakker gehalte – te aanvaar. Die belofte is aan hulle gemaak dat die kanaal mettertyd tot by die grond waarna hulle verskuif sou word, verleng sou word. Hierdie belofte is egter nooit nagekom nie en daar was waarskynlik ook nie 'n plan om die kanaal daarheen te verleng nie. Die huidige waarde van die grond wat aan die inwoners van Ebenhaeser ontnem is, word op R100 miljoen beraam, terwyl die grond waarheen hulle verskuif is, se huidige waarde op slegs R1,6 miljoen beraam word.

Nadat die ooreenkoms oor die grondruiling in 1920 met die bemiddeling van Ds du Plessis onderteken is, het Ds du Plessis daarop aanspraak gemaak dat 'n bedrag van 50 "Guinness" (sowat R5000 vandag) aan hom betaal sal word as kompensasie vir die groot bedrag geld wat hy die staat met die ooreenkoms gespaar het! Ná 'n lang toutrekkery tussen staatsdepartemente is die bedrag aan hom uitbetaal. (Dit lyk asof hierdie soort korrupsie so oud soos die berge is).

Kort nadat die ooreenkoms met Ds du Plessis aangegaan is, het die inwoners van Ebenhaeser beseft dat hulle om die bos gelei is. Vyf lede van die bestuur het toe 'n brief aan die Minister van Binnelandse Sake geskryf waarin hulle verklaar dat "wij uit vrees de documenten getekend hebben, door dat uw Commissie waarskuwend en dreigend had opgetreden". Hulle vra dat die ooreenkoms gekanselleer moet word en voeg daaraan toe: "Wie bidden u ... toe, slackt ons a.u.b. niet wijl wij slapen 'n kinder staat, maar wees beziel met rechtvaardige vaderlike liefde, over ons belangen. Wij ware altos gehoorsame, getroue en onderdanige kinderen".

Hierdie hartstogtelike pleidooi wat van kinderlike onskuld getuig, het egter op dowe ore geval. Wat wel gebeur het, is dat die inwoners op spreekwoordelike wyse ter slagting gelei is toe hulle deur Wet 14 van 1925 van hulle grond onteien is. Die armblankes aan wie die grond toegeken is – en waarvan sommige groot sukkelaars was – is ruimskoots van subsidies voorsien sodat hulle 'n sukses van hulle besproeiingsboerdery kon maak.

Die Ebenhaeser-grondeis vestig opnuut die aandag op die wyse waarop die NG Kerk sy mag en invloed gedurende 'n groot deel van die 20ste eeu gebruik (en selfs misbruik) het om die ekonomiese belange van Afrikaners te bevorder op maniere wat dikwels tot die ernstige nadeel van ander bevolkingsgroepe gestrek het.

Ek was van 1973 tot 1976 'n lid van die Erika Theron Kommissie wat opdrag gehad het om ondersoek in te stel na aangeleenthede rakende die Kleurling bevolkingsgroep. Gedurende die ondersoek is ek getref deur die ernstige en wydverspreide armoede wat in die Kleurlinggeledere bestaan het. Om hierdie armoedeprobleem beter te verstaan, het ek dit as gerade geag om my ook te vergewis omtrent die armoedeprobleem wat 40 jaar vroeër in Afrikanergeledere bestaan het. Ek het toe nie slegs die Carnegie-verslag van 1932 bestudeer nie, maar ook die gebeure wat tot die aanstelling van die Kommissie gelei het, asook die invloed wat die Verslag uitgeoefen het.

Die Carnegie Kommissie is op inisiatief van die NG Kerk aangestel met fondse en navorsingshulp wat van die Carnegie Endowment ontvang is. Die NG Kerk se noue betrokkenheid by die armblanke vraagstuk strek terug na die laaste dekade van die 19de eeu. Baie van die Afrikaner-boere het reeds vir geslagte 'n sukkelende onderhoudsbestaan gevoer. Hierdie boere het nie oor die vermoë beskik om hulle aan te pas by die moderniseringsproses wat deur die goudmynrevolusie veroorsaak is nie.

Wat die NG Kerk klaarblyklik nie beseft het nie, is dat die lotsbestemming van die Afrikaners en die Kleurlinge vir meer as twee eeue so nou met mekaar vervleg geraak het dat die verarming in Afrikanergeledere tot nog groter armoede in Kleurlinggeledere aanleiding gegee het.

Die Carnegie Kommissie het bevind dat een-derde van die Afrikaners in goeie ekonomiese omstandighede geleef het, dat een-derde arm was en dat die ander derde sorgwekkend was. Die bevindings van die Kommissie het verreikende invloede op sowel die politieke as die kerklike geskiedenis uitgeoefen. Nadat die skeuring tussen die Smelters (of Hertzog-ondersteuners) en die Gesuiwerdes (Dr Malan ondersteuners) in 1934 plaasgevind het, het laasgenoemde die ideologie van Afrikaner Christelike Nasionalisme met oorgawe gepropageer en hom kragdadig vir die opheffing van die armblankes beywer. Terselfdertyd het die NG Kerk die *Volkskongres oor die Armblankevraagstuk* in 1934 in Kimberley gehou om die bevindings van die Carnegie Kommissie te bespreek. Dit is by hierdie kerk-konferense dat Dr Verwoerd sy pro-diskriminasie toespraak gehou het waarin hy beweer het dat diskriminasie in belang van die blanke werker nie alleen voordelig vir die blanke arme sal wees nie, maar oor voordelig vir die land sal wees – selfs al skep dit moeilikheid vir die nie-blanke bevolkingsgroepe.

In die res van die 1930s en in die 1940s het die NP en die NG Kerk ten nouste saamgewerk in die propagering van Afrikaner Christelike Nasionalisme en in pogings om die armblanke probleme op te los. Dit is hierdie tyd dat die NG Kerk die reputasie verwerf het dat die NP-in-gebed is. Dit is ook gedurende hierdie tyd – so het ek aanvanklik gemeen – dat die NG Kerk so 'n obsessie met die ekonomiese lotgevalle van die Afrikaners ontwikkel het, dat dit vir 'n (Afrikaner) volkskerk ontspoor geraak het.

Gedurende die derde kwart van die eeu (1948-1973) het die Afrikaners hulle merkwaardige *embourgeoisment* behaal in 'n tydperk toe die NP aan die bewind was en die NG Kerk die pleitbesorger van Afrikanerbelange was. In hierdie tydperk het die Afrikaners waarskynlik te vinnig, te maklik, te ryk geword vanweë 'n politiek-ekonomiese stelsel en 'n ideologiese klimaat wat die swartbevolkingsgroepe aan sistemiese uitbuiting onderwerp het en die blankes op 'n onverdiende wyse verryk het. In hierdie kwart-eeu het die NG Kerk nie net "staatskerk" geword – wat die apartheidsbeleid openlik gelegitimeer het nie – maar het dit verder ontspoor om 'n (Afrikaner) burgerstandkerk te word.

Ek het in 1977 'n boekie gepubliseer waarin ek my ervaring as lid van die Theron Kommissie geboekstaaf het. Op pp 120/121 van *Gemeenskapsarmoede* het ek o.m. geskryf dat die Afrikaanse kerke aan hulle blanke lidmate die Woord verkondig en hulle ook verantwoord oor die stand van die blanke lidmate se lewensbrood. Vanweë die kunsmatige verdeeldheid op kerklike gebied toon die Afrikaanse kerke wel belangstelling in die verkondiging van die Woord aan Kleurlinglidmate (en voorsien ook finansiële steun aan die dogterkerke daarvoor) maar dat daar nie *ooreenstemmende* hulp van die Moederkerke uitgaan vir die verskaffing in die Kleurlinge se lewensbrood nie, en dit ten spyte van die ernstige armoede in Kleurlingeledere.

Kort ná die verskyning van die boek het 'n senior lid van die NG Kerk se moderatuur my gebel en my opdrag gegee om die betrokke bladsye uit my boek te verwyder. Ek het aan hom gesê dat ek my deeglik daarvoor verantwoord het en dat ek nie bereid is om dit te doen nie. Enkele dae later het Ds JJ Sieberhagen (die algemene sendingsekretaris) en Ds Dawid Botha (voorsitter van die Skakelkomitee van die NG Sending) 'n verklaring in Die Burger gepubliseer om die sendingwerk waarby die Kerk betrokke was, te verduidelik. Enkele dae later het Ds Ockie Raubenheimer (destyds van die Sentraal gemeente van Stellenbosch) 'n twisgeskrif teen my begin waarin hy my wetenskaplikheid en integriteit op 'n onverkwiklike wyse in twyfel probeer trek het. (Sien Die Burger van 8 Maart tot 25 Maart 1977).

Die gebeure rondom Ebenhaeser toon dat my uitspraak dat die NG kerk nie soveel besorgdheid met die stand van die Kleurlinge se lewensbrood getoon het as met dié van die blankes nie, 'n baie gematigde stelling was. Dit bly steeds 'n raaisel waarom die Kerk in 1977 met soveel heftigheid op my stellings gereageer het. Kon dit wees dat ek my vinger destyds op 'n baie gevoelige senuwee geplaas het?

In die geval Ebenhaeser het die NG Kerk letterlik die lewensbrood uit die monde van die Kleurlinge – oor wie die Kerk boonop trusteeskap gehad het – geneem en dit aan armblankes gegee. Hierdie optrede van die NG predikante moet in 'n baie ernstige lig beskou word – veral omdat dit blatant rasisties gemotiveer was. Die Ebenhaeser-geval toon dat die NG Kerk reeds gedurende die eerste kwart van die 20ste eeu – en op 'n heelwat vroeër stadium as wat voorheen gemeen was – besig was om 'n (Afrikaner) volkskerk te ontspoor.

Teen die agtergrond van die NG Kerk se lang rekord van growwe Afrikaner bevoorregting – ten koste van die ander bevolkingsgroepe vergrype – rus daar 'n sware verantwoordelikheid op die NG Kerk om in die pogings om kerkeenheid te bewerkstellig, die spreekwoordelike ekstra myl – of selfs die ekstra 100 myl – te loop as 'n noodsaaklike opoffering om die “kerkskuld” wat oor baie jare geakkummuleer het, te probeer vereffen. Indien die NG Kerk eerlik is met homself, sal hy besef dat die pad weg vanaf 'n Afrikanerbürgerstandkerk en terug na 'n ware kerk van Christus, 'n lang, 'n moeilike en 'n opdraande pad gaan wees.